NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2017

MUSIEK: VRAESTEL I

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, 21 klanksnitte en 'n Hulpbronboekie van 5 bladsye (i–v). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is. Maak die Hulpbronboekie in die middel van jou vraestel los. Die Hulpbronboekie sluit 'n bladsy gemerk vir rofwerk in.

2. Elke kandidaat moet 'n CD- of MP3-speler ontvang en moet vir die hele duur van die eksamen toegang hê tot luistertoerusting met kopfone. Let asseblief op die stemetiket vir elke snit wat die korrekte nommering van elke snit bevestig.

3. Al die vrae moet op die vraestel beantwoord word. Moenie enige vrae in 'n antwoordboekie beantwoord nie.

4. Musieknotasie moet met 'n skerp potlood geskryf word. Die res van die vraestel moet met 'n pen beantwoord word.

5. Laat jou asseblief deur die puntetoekenning lei wanneer jy jou antwoorde beplan; die aantal reëls wat nodig is, sal van individuele handskrif afhang. Vermy dit om inligting in jou antwoorde te herhaal.

6. Oor die algemeen sal een punt vir elke wesenlike feit toegeken word BEHALWE vir die vergelyking in die OPSTEL, waar een punt toegeken sal word per vergelyking (twee feite, een met betrekking tot elke werk).

7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied. Moenie Tippex gebruik nie.

VRAAG	MOONTLIKE PUNTE	PUNT
1	17	
2	8	
3	15	
4	10	
5	20	
6	13	
7	17	
	100	

IEB Copyright © 2017

VRAAG 1

Luister na **Snit 1**.

1.1 Plaas vier (4) regmerkies om eienskappe wat in die musiek aanwesig is te identifiseer.

Majeurtonaliteit		Sangstuk	
Konsonantharmonie		Dissonansie	
Aria		Deurgekomponeer	
Gewysigde strofiese vorm		Melodiese omkering	
Polifoniese tekstuur		Majeur- en mineurtonaliteit	

(4)

1.2 Luister na **Snit 1a**. Dit is die opening van die melodie uit **Snit 1** hierbo.

Maak 'n regmerkie langs die frase wat pas by wat jy hoor.



(1)

Luister na **Snit 2**.

1.3 Identifiseer die jazzstyl.

_____

(1)

1.4 Motiveer jou antwoord in 1.3 met verwysing na twee kenmerke van die styl.

_____

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2017

1.5 Luister weer na Snit 2 en merk die korrekte antwoord om die ritme van een 4-maatfrase van die uittreksel te toon.



(1)

1.6 Noem 'n kunstenaar of groep wat met hierdie styl geassosieer word.

_____ (1)

1.7 Luister na **Snit 3** terwyl jy die melodiereël volg in die Hulpbronboekie, **BYLAAG A**. Dit is die Gavotte, die derde beweging uit die 'Klassieke' Simfonie deur Prokofiev wat in 1917 gekomponeer is.

1.7.1 Voltooi die volgende:

Seksie B begin by maat _____ maatslag _____ en seksie A^2 begin by maat _____ maatslag _____. (2)

1.7.2 Identifiseer die toonaard van seksie B.

_____

_____ (1)

1.7.3 Wat is die verhouding van hierdie toonaard met die tonikatoonaard?

_____

_____ (1)

1.7.4 Luister na **Snit 3a**, wat by maat 12^2 begin, en noteer die melodie in maat 17, 18 en 19.



(2)

1.7.5 Gee die maatnommers van 'n patroon en sekwens in die musiek.

_____

_____ (1)

[17]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 2

Luister na **Snit 4**.

2.1 Identifiseer die karakter wat jy hoor.

_____

_____ (1)

2.2 Noem die konteks van hierdie lied in die musiekvertoning.

_____

_____

_____

_____ (1)

2.3 Identifiseer en lewer kommentaar op twee kenmerke in die musiek wat die gehoor inlig oor die karakter se kulturele agtergrond.

_____

_____

_____

_____ (2)

2.4 Hoe is hierdie lied tipies van 'n musiekteaternommer?

_____

_____ (1)

Luister na **Snit 5**.

2.5 Hoe skep die komponis spanning in die inleiding tot hierdie nommer? Wat verdryf die spanning namate die lied vorder?

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (3)
[8]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 3

Luister na **Snit 6**.

3.1 Watter tema van die beweging word in die uittreksel gehoor?

(1)

3.2 Mozart het hierdie tema uit 'n 3-nootmotief ontwikkel – hieronder gedruk. Noem drie komposisietegnieke wat hy gebruik het en beskryf hoe hy dit gebruik het om die 4-maatfrase te konstrueer.



(5)

3.3 Noem die Mannheim-tegniek wat in die eerste twee note van die motief aanwesig is.

(1)

Luister na **Snit 7a** en **7b**.

3.4 Watter tema van die beweging word in die snitte gehoor?

(1)

3.5 Verduidelik die verskil in tonaliteit tussen die twee weergawes van die tema.

(2)

3.6 Luister weer na **Snit 7b**. Identifiseer en benoem, op die tema wat hieronder gedruk is, die kadense wat aan die einde van elke frase gehoor word. Onthou om die toonaard te noem.



(3)

3.7 Noem twee kenmerke van hierdie werk, buiten orkestrasie/instrumentasie, wat aandui dat dit in die Klassieke tydperk geskryf is.

(2)
[15]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 4

Luister na **Snit 8** en **Snit 9**.

4.1 Identifiseer die 'karakter' wat in hierdie twee snitte uitgebeeld word.

_____

_____ (1)

4.2 Voltooi die tabel hieronder om die twee uittreksels te vergelyk.

ELEMENT	SNIT 8	SNIT 9
Tonaliteit [0.5 × 2 = 1]		
Begeleidingspatroon [0.5 × 2 = 1]		

(2)

4.3 Verduidelik met verwysing na die verhaal en na die elemente in die tabel hierbo die verandering in toon tussen die twee verse.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____ (4)

IEB Copyright © 2017

Luister na **Snit 10** en **Snit 11**, wat verskillende verwerkings van dieselfde seksie van die werk is.

4.4 Lewer, met verwysing na die verhaal, kommentaar op die effektiwiteit van die georkestreerde weergawe in vergelyking met die oorspronklike toonsetting. Dui aan watter weergawe jy verkies en gee 'n rede vir jou keuse.

(3)
[10]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 5

Luister na **Snit 12** en **Snit 13**.

Die lirieke vir Snit 12 en 'n bietjie agtergrond vir die werk kan in die Hulpbronboekie as **BYLAAG B** aangetref word.

Vergelyk in 'n opstel ooreenkomste en verskille tussen die twee stukke wat in Snit 12 en Snit 13 gehoor word.

Doen ook die volgende benewens die vergelyking wat die hoofdeel van jou opstel sal vorm:

- Verskaf 'n kort agtergrond vir die twee genres.
- Lewer kommentaar op die uitbeelding van karakters in die musiektoonsettings.
- Noem die konteks van die uittreksel uit jou voorgeskrewe werk en noem die karakter wat sing.

Bied ter afsluiting jou eie mening aan oor watter snit jy verkies en regverdig dit met verwysing na die gebruik van twee musiekelemente.

Maak seker dat jy die twee stukke vergelyk en nie net die genres nie. (20)

Jou opstel sal nagesien word deur die volgende rubriek te gebruik:

RUBRIEK VIR OPSTEL	
16–20	Toon duidelik 'n begrip van die vraag, lewer feitelike bewys, voltooi al die vereistes en verskaf 'n insiggewende vergelyking van die twee werke met verwysing na beide die algemene kenmerke van die genres en die spesifieke eienskappe van die twee snitte. Eie mening van die werke word met insig en spesifieke verwysing na die gebruik van die musiekelemente aangebied.
10.5–15.5	Toon 'n begrip van die vraag, voltooi al die vereistes, lewer feitelike bewys en verskaf 'n vergelyking van die twee werke met verwysing na beide die algemene kenmerke van die genres en die spesifieke eienskappe van die twee snitte. Eie mening van die werke word aangebied met beperkte insig en veralgemening in terme van die gebruik van die musiekelemente.
5.5–10	Kan al die vereistes aanspreek, maar toon slegs 'n gedeeltelike begrip van die vraag en beperkte feitelike bewys. Vergelyking van die twee werke is beperk met slegs gedeeltelike verwysing na óf die algemene kenmerke van die genres óf die spesifieke eienskappe van die twee snitte. Eie mening is beperk met min of geen verwysing na die gebruik van die musiekelemente nie. Daar is 'n wanbalans tussen die afdelings van die opstel.
0.5–5	Toon minimale begrip van die vraag, voltooi nie al die vereistes nie en verskaf slegs 'n vae verwysing na die feite of geen gebruik van feite nie. Geen vergelyking of mening word aangebied nie. Daar is geen balans in die opstel nie.

IEB Copyright © 2017

IEB Copyright © 2017

[20]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 6

Luister na **Snit 14** terwyl jy die melodieblad hieronder volg.



IEB Copyright © 2017

6.1 Identifiseer die jazzstyl en noem die dekade waarin dit ontwikkel het.

_____

_____ (2)

6.2 Waarom het hierdie styl ontwikkel?

_____

_____

_____

_____ (1)

6.3 Noem twee kenmerke wat jy in die opname kan hoor wat tipies is van die styl.

_____

_____

_____

_____ (2)

6.4 Merk die seksies (vorm) van die stuk duidelik op die melodieblad. Let asseblief op dat daar 'n 8-maat inleiding is wat nie op die melodieblad aangedui is nie. (2)

6.5 Gebruik die tabel hieronder om kommentaar te lewer op die improvisasies.

	Solo-instrument/e (4)	**Beskryf die begeleiding (2)**
Improvisasie 1		
Improvisasie 2		
Improvisasie 3		
Improvisasie 4		

(6)
[13]

IEB Copyright © 2017

VRAAG 7

Luister na **Snit 15**. Dit is 'n lied genaamd *Back of the Moon* uit die Suid-Afrikaanse jazzmusiekvertoning *King Kong*, in 1958 gekomponeer deur Todd Matshikiza. Die lirieke word as **BYLAAG C** in die Hulpbronboekie gereproduseer.

7.1 Identifiseer en lewer kommentaar op die sosiale toestande waarna in die lied verwys word wat die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse stadsmusiek van die laat 19de eeu af beïnvloed het.

(2)

7.2 Beskryf die musiekeienskappe van **EEN** styl van Suid-Afrikaanse stadsmusiek wat voor 1958 ontwikkel het as 'n direkte gevolg van die sosiale toestande wat jy hierbo genoem het.

(3)

IEB Copyright © 2017

Luister na **Snit 16** en **Snit 17**.

7.3 Identifiseer eienskappe met betrekking tot **Snit 16** in Kolom A en eienskappe met betrekking tot **Snit 17** in Kolom B.

Plaas drie regmerkies (3) in Kolom A en drie regmerkies (3) in Kolom B.

	KOLOM A Eienskappe van Snit 16	**KOLOM B Eienskappe van Snit 17**
Viervoudige metrum		
Oorspronklik 'n klawerbordstyl		
Walking bass		
I – IV – Ic (I6/4) – V		
Swingstyl agste-note		
12-maatblues		
Triole		
Sikliese struktuur		
3-maatriff		

(3)

7.4 Noem twee eienskappe uit die lys hierbo wat gemeenskaplik is aan die twee snitte.

_____ en _____ (1)

7.5 Hoe het die style wat deur Snit 16 en Snit 17 verteenwoordig word, bygedra tot die ontwikkeling van mbaqanga/Sophiatown-jazz in die 1950's?

_____

_____

_____

_____ (2)

IEB Copyright © 2017

Luister na **Snit 18** en verwys na die vertaalde lirieke en agtergrond vir die lied wat in **BYLAAG D** in die Hulpbronboekie verskaf word.

7.6 *Ndodemnyama* (Snit 18) en jou voorgeskrewe werk, *Meadowlands*, protesteer albei teen aspekte van apartheid. Vergelyk die lirieke van die twee liedere. Dui aan watter lied na jou mening 'n effektiewer manier van protes is en gee drie redes vir jou siening.

(6)
[17]

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2017